**MEDIA RELEASE**
**by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)**

**20 MAY 2013 (2)**

**Los BBB – takel ANC, sê CDP**

"Die DKD – Solidariteit-hofsaak het nie die vervreemding van bruin kiesers van die ANC aan die gang gesit, of 'n belewenis van bruin identiteit geskep nie, maar bloot die aandag opnuut gevestig op 'n reaksie op die ANC se beleid van neo-apartheid," sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP).

"Om nou aksies soos die Bruin Belangebeweging (BBB) van laertrekkery te beskuldig is om die verkeerde kat die bel aan te hang. Identiteitspolitiek is 'n internasionale verskynsel, en word benewens die internasionale reg ook deur die Suid-Afrikaanse grondwet erken. Dat dit in dié geval in rasterme manifesteer – juis onder waarskynlik die mees nie-rasbewuste gemeenskap in Suid-Afrika – toon juis in hoe 'n mate neo-apartheid hierdie gemeenskap vertrap.

"Dit het onder meer sy oorsprong in die tyd toe die ANC in die Wes-Kaap aan bewind was, en bruin mense op die waglys vir HOP-huise in verbystering moes sien hoe hul name al laer af beweeg terwyl nuwe inkomelinge uit die Oos-Kaap huise kry. Hierna het die berugte Jimmy Manyi-uitspraak gekom wat 'n groot kentering onder talle bruin meningsvormers tot gevolg gehad het. Die DKD-saak oortuig nou ook die mees lojale bruin ANC-ondersteuners dat hulle weer op grond van hul velkleur 'n kort lootjie trek.

"Burgerlike strukture, soos Outa, Afriforum en talle ander is erkende manifestasies van 'n volwasse grondwetlike demokrasie – trouens, die gebrek daaraan word as net so 'n leemte as die afwesigheid van 'n vrye pers beskou. Dit is belangrike boustene om te verhinder dat 'n land 'n diktatuur van die meerderheid word..

"As iemand rassisme wil uitroei, pak die probleem by die regte plek – die ANC, wat rassisme in verskeie gedaantes bedryf soos rasbegunstgde aanstellings, SEB, transformasie en 'n horde wetgewing wat van nie-swart burger tweedeklasburgers, en selfs vreemdelinge in hul eie land maak."

**Leave BBB, tackle ANC, says CDP**

"The court case between Solidarity and the Department of Correctional Services did not cause coloured isolationism, or create awareness of coloured identity, but merely focussed attention on the impact of the ANC's policy of neo-apartheid," says Rev. Theunis Botha, leader of the Christian Democratic Party (CDP).

"To criticize a manifestation such as the Coloured Interest Movement, better known as BBB, from lager forming, is to saddle the wrong horse. Identity politics is an international reality, recognised by international law and the South African constitution. That this matter is now being portrayed in racial terms, particularly in what is probably the least racially aware community in South Africa, simply underlines to what extent neo apartheid tramples on this community's rights.

"It originated, amongst others, in the time when the ANC ruled the Western Cape, and coloureds who had been on the waiting list for RDP houses for ages, found that their names slipped down on the list with new arrivals from the Eastern Cape getting preferential treatment. Then followed the Jimmy Manyi statement which had a major impact on coloured opinion formers.

"The DCS case now convinces even the most loyal ANC supporters that they again, on basis of their race, are getting the short end of the stick.

"Civil organsations such as Outa, Afriforum and many others are recognised as part and parcel of a well-established constitutional democracy – in fact, the absence thereof could be regarded as creating the same void as the absence of a free press. These are important building blocks to prevent the formation of a dictatorship of the majority.

"If someone seriously wants to root out racism, tackle the problem at the proper source – the ANC which is driving racism in various guises; such as affirmative action, BEE, transformation, and a host of legislation, treating non-blacks as second class citizens, or strangers in their own country."